

11 September

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 15

Oorwinning oor die erfsonde

Die twee Adams staan in ons Skrifgedeelte teenoor mekaar. Die eerste Adam het jou in die sondeval verteenwoordig. Die tweede Adam (Christus) het jou aan die kruis verteenwoordig. Kyk na die resultate!:

Eerste Adam se resultate

Tweede Adam (Christus) se resultate

straf (vers 9)

redding (vers 9)

sonde (verse 12, 15, 21)

genade (verse 16, 17, 20)

ewige dood (verse 12, 16, 21)

ewige lewe (verse 17, 21)

veroordeling (vers 18)

vryspraak (vers 18)

vyandskap (vers 10)

versoening (vers 10)

on gehoorsaamheid (vers 19)

gehoorsaamheid (vers 19)

Besef jy watter dinge in jou lewe baas sou wees as Christus jou nie aan die kruis verteenwoordig het nie? Paulus doen in ons Skrifgedeelte moeite om te bewys dat Christus se verteenwoordiging SOVEEL MEER vir jou bereik het as Adam se verteenwoordiging (verse 15, 17, 20).

Ja, die dinge wat jy van Adam geërf het sal tot die dood toe nog in jou lewe kop uitsteek, maar hulle het nie meer alleenmag (voer nie meer heerskappy) nie (verse 17, 21). Al lyk dit dus partykeer of die gevolge van Adam se optrede jou lewe regeer het die veel ryker en sterker gevolge van Christus se optrede in elke gelowige se lewe die oorhand. Verplaas vandag jou sekerheid van die huidige toestand van jou lewe na dit wat Christus vir jou bereik het! Begin vandag om deur die krag van sy Gees soos 'n nuwe mens te lewe! Laat die vryspraak, verdienste en die oorwinning van Christus van nou af in jou lewe die deurslag gee!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~